

SPREUKE 11:4-7

4 לא-יועיל הון ביום עברה וצדקה תציל ממות

Rykdom bring geen voordeel op die dag van die gramskap nie, maar geregtigheid red van die dood.

5 צדקת תמים תישר דרכו וברשעתו יפל רשע

Die geregtigheid van die opregte maak sy weg gelyk, maar die afvallige val deur sy afvalligheid.

6 צדקת ישרים תצילם ובהות בגדים ילכדו

Die geregtigheid van die opregtes red hulle, maar deur hulle eie begeerlikheid word die ontroues gevang.

7 במות אדם רשע תאבד תקוה ותוחלת אונים אבדה

By die dood van 'n afvallige mens gaan sy hoop tot niet, en die verwagting van die roekelose het vergaan.

WAT HIERDIE 4 VERSE SO INTERESSANT MAAK:

- Die Naam van Yahweh, wat uit 4 letters bestaan, ontbreek in die gewone teks, maar kom wel in vers 4 voor met 4 ander letters tussen elke letter van die Naam
- Die woord “tsedakah” of “tsedakat” (geregtigheid), wat beide uit 4 letters bestaan, kom drie keer in die gewone teks voor, maar ‘n vierde keer met 16 letters tussen elke letter van die woord “tsedakah”.
- As ‘n mens al die letters tel tussen die eerste letter van Yahweh se Naam in vers 4, tot by die laaste letter van sy Naam, is dit 16 letters.
- Tussendeur hierdie vier verse, wat gaan oor die geregtigheid van mense, staan die GERECHTIGHEID VAN YAHWEH (heel letterlik) in groot letters geskryf!